Lering tov Bevryding..Byvoegsel. **13 Augustus 2020.**

Soulties…Sielsbande.

Opgestel deur: de oude pastoor Sarel.

Dierbares, hierdie is 'n onderwerp waaroor 'n mens baie kan praat, aangesien dit iets is wat, baie kinders van Die Here, vir jare kan bind, om te verhinder dat hulle Geestelik volwasse raak en 'n sukkel bestaan, beide geestelik en fisies, voer. Mens herken hulle, as jy nie geestelik kan onderskei nie, aan die volgende optrede. Nouja, dit kan natuurlik ook weens ander redes wees, daarom is dit nodig om Die Here te vra om die Gawe van onderskeiding van geeste.

Soulties is verbintenisse, goed of kwaad, wat 2 mense in die "Geestelike Realm" met mekaar het. Die meeste van die tyd is die 2 mense salig onbewus daarvan en dit veroorsaak jarelange probleme, wat meesal net deur geestelike bevryding oorwin kan word.

Een kort voorbeeld. Het u al ooit ervaar hoe 'n vrou, wat deur haar man verniel word, altyd na hom toe terugkeer, maak nie saak of sy ses weke in die hospitaal moes deurbring nie. By 2 of 3 geleenthede, het ek tussenbeide getree en was DEUR DIE VROU aangerand. So iets het selfs in Pinksterpark met my gebeur. Dit was nou nie geredde mense nie, maar die vrou het my vreeslik geskel en tekere gegaan. Sy was ook op pille verslaaf.

By 'n ander geleentheid het ek en Salomie, 'n skatryk dame in 'n uiters luukse woonbuurt gaan bedien. Sy was gered, baie betrokke in 'n Pinksterkerk, maar het verskeie keer hewig, tydens dienste, gemanifesteer. Die pastoor en sy vise-voorsitter het haar verskeie keer bedien, maar kon geen deurbraak kry nie.
Hulle nooi ons toe, een Sondagaand, na hul diens en skielik het die vrou vreeslik erg begin manifesteer. Sy het soos 'n ballon opgeblaas, terwyl sy brul soos 'n bees en dit het gelyk asof sy enige oomblik gaan bars. Ek het vinnig al die geeste gebind en ons het haar die volgende dag tuis gaan bedien.
Na 'n halfuur se ernstige, maar sonder enige resultate, se oorlogvoering, vra ek Salomie om aan te hou bid, terwyl ek Die Here se aangesig gaan soek. Dis 'n lang storie, wat ek kortsny. Skielik sien ek in my gees 'n man, wie se naam Die Here vir my gee, teen haar kamervenster, wat baie hoog bokant die grond is en ek weet dis iemand wat astraal projekteer. (in Engels ook genoem "soultravel")
Dadelik gaan ek terug na die sitkamer en konfronteer haar met die inligting. Toe ek die man se naam noem en hom tot in die fynste besonderhed beskryf, gaan sy

weer in die erge manifestasie in, maar nou trap ek hard op haar stert en bestraf die hel uit haar uit. Sorry as dit kras klink, maar dis die waarheid.
Ek beskuldig haar dat sy 'n seksuele verhouding met 'n ander getroude man in die geestelike realm het. Sy het hewig ontken, maar ek het nou die waarheid en binne minute, kom sy met die hele sak patats vorendag. Sy het op 'n stadium aan depressie gely en het die dokter gaan sien, wie hipnose op haar toegepas het.
Toe sy bykom, ontdek sy dat die dokter, homself sekere vryhede toegeëin het en toe tel sy die soultie op.
Maar hier kom 'n skok…die man is intussen dood. So wie kom kuier gereeld deur die venster, dink u? Die soultie demoon wat ook 'n seksuele demoon is. Soos incubus en succubus. En hierdie demoon doen homself as dokter So en so voor.
Die soultie het op 2 maniere ingekom, deur hipnose en seks.
Ja, deur hipnose, kom daar 'n ongoddelike soultie, een van beheer, oor 'n mens.

Kom ons bekyk voorbeelde hiervan in die volgende manifestasies.

i)…Skaamheid. ii)…Lae selfbeeld. iii)…Onvrymoedigheid. iv)…Groot probleme.

i)…Skaamheid.
Skaamheid, veral in groep situasie, vind mens hierdie ongelukkige persoon wat , baie stil en eenkant sit en nie aan die gesprek deelneem nie. Ek het eenkeer so geval gehad, kom ons noem hom sommer Kosie. Een van die ander deelnemers het genoem dat hierdie persoon so "sagte gees" het.
Toe ek nie saamstem nie, vra hy hoekom ek niks sê nie, waarop ek toe antwoord dat ons later, indien hy my daaraan sou herinner, daaroor sou praat. Gelukkig het hy my nie weer gevra nie.

ii)…Lae selfbeeld.
Later skakel ek Kosie en maak afspraak om hom te bedien. Lang storie. Maar kort weergawe….hy het onderwyser op laerskool gehad, wat hom die bynaam van "bak-oor", wat hom die grootste deel van sy lewe sou volg, gegee het. Dit was die oorsaak van 'n lae selfbeeld. Toe ons eenmaal 'n opvoering wou doen, is hy gevra om deel te neem, maar hy het volgehou dat hy dit nie kon doen nie, ten spyte van die ander se aanmoediging. Hy het net gesë dat ander dit baie beter kon doen as hy.

iii)…Onvrymoedigheid.
Hy het die ore later chirurgies laat regmaak, maar steeds het die bynaam gebly, tot vandag toe. Dit het tot gevolg dat hy ook 'n gees van onvrymoedigheid gehad

het. Hy het die pastoor letterlik gesoebat om hom nie te vra om in die gemeente te bid nie.

Ons het baie gepraat en geestelik oorlog gevoer en toe sê ek vir hom, dat hy 'n ongoddelike soultie, met die onderwyser gehad het, vanweë die feit dat hy hom nog nie kon vergewe en vryspreek nie.

Mattheus 6:14 Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

Mat 6:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.

Hierdie ding sou op hom sit, totdat hy vergewe en vryspreek.

iv)…Groot probleme.

Hierdie geliefde broer het gedurig een of ander probleem gehad, nie klein goetertjies, nie maar regtig erge dinge. Kort-kort verkoues, griep, sinus ontsteking en asma ens. Dan weer huweliks probleme wat kop uitsteek, dan finansiële trauma. Kan nie huishuur betaal nie, die bank wil sy motor terugneem ens ens. Op een stadium het hy sy motor, vir 'n tyd lank aan iemand verhuur, net om die maandelikse betaling op datum te kry en toe ry die huurder in 'n ander motor vas en hy ontdek die man se bestuurslisensie was, weens dronkbestuur, nie geldig nie, met die gevolg dat die versekering nie uitbetaal het nie.

Daar was nog baie ander probleme met sy gesin en veral met sy dogters.

Exodus 34:7 wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die **ongeregtigheid van die vaders** besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.

Nadat hy die onderwyser vrygespreek het, het hy binne halfuur, totale verlossing ontvang en sy huislike probleme het drasties, vir die beste, verander.

Bybelse bewys van soulties.

Laat ons eers kyk wat Die Bybel hiervan sê.

1Co 6:16 Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees

Eph 5:31 Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word.

Alhoewel Die Bybel nie die woord "soultie" gebruik nie, maar daar skynbaar 'n

*vertaling is, wat dit wel so gebruik, is dit 'n aanvaarbare woord, agv baie jare ondervinding, wat werkers in die bevrydingsbediening, raakgeloop het, vanweë die probleme wat ondervind is. Ek self het, oor die laaste 35 jaar se bediening, so baie hiermeë te doen gehad en kan uit ondervinding praat. Ook my **EIE** ondervinding met my eie soulties.*

Dit nou wat die seksuele soulties betref. Wat dan van die ongoddelike soulties? Kan mens dit Skriftuurlik bewys? Ek glo so ja. Kom ons bekyk hierdie 2 skrifte.

1Timoteus 5:22 Moenie haastig iemand die hande oplê nie, en moet **ook nie met die sondes van ander gemeenskap hê nie.** ***Hou jou rein!!!!!***

Ek het een aand, vir 'n ou tannie, wie se bene erg gepyn het, die hande opgelê. Die Here het haar onmiddelik aangeraak. Later, oppad huistoe, het albei my arms baie erg begin jeuk en brand. Toe ek my trui se moue optrek, vind ek dat albei my arms, van my polse tot by my elmboë, bloedrooi uitgeslaan was. Agv vorige, soortgelyke ondervindings, het ek dadelik besef dat daar iets demonies op die ou tannie was, al was sy 'n lieflike, ou weergebore Pinkster kind van Onse Meester.

Ek het myself dadelik Geestelik gereinig, deur Jesus te vra om my seremonieël, van my kopvel, tot onder my voetsole, my gees, siel en liggaam, met Sy bloed skoon en rein te maak. ***Ek was onmiddelik bevry van die uitslag.***

Dit is die volgende aand bevestig. Ek het hulle gaan besoek, om te hoor hoe dit gaan en toe noem die tannie, dat haar ekseem ook sommer weg is. Jip, demoniese vel toestand….het al baie maal mense, met verskillende soorte velprobleme, bedien, asof dit demonies was. Resultaat? Kan nie onthou of ek al iemand, wat daarmee sukkel, gevind het wat nie 'n okkultiese binding gehad het nie. My eerste vraag aan so persoon is altyd: "Het jy al ooit "glasie glasie" gespeel, indien nie, het jy al ooit jou toekoms laat voorspel"? In meeste gevalle, sou hulle op die een, of die ander positief antwoord. Ander gevalle het weer agv bloedlyn oorerwing, ook natuurlik demonies, een of ander velprobleem gehad.

Sovêr ek kan onthou, het die meeste gesond geraak, nadat ek demone van psoriase, ekseem, aknee ens op ander plekke as die gesig, uitgedryf het. Daarom moet ek aanneem dat meeste, indien nie alle velprobleme, demonies is.

Ek het eenmaal, lank voor my bekering, 'n man se hand geskud en gesien dat hy 'n uitslag aan sy regter wysvinger het. Ek het 4 jaar daarmee gesukkel en eers na my bekering, is ek daarvan verlos.

Dis nou van hande oplê en iemand anders net aanraak.

In die Ooskaap het 'n man gebly, wat een of ander orgaan oorplanting gehad het.

Maande na die operasie, wou hy ewe skielik begin steel!!!!!! Na meer as 'n jaar se struweling hiermee, is hy uiteindelik verlos, toe hy tot bekering gekom het.

2Korintiers 6:14 Moenie in **dieselfde juk** trek saam **met ongelowiges nie**, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?

Die Engelse Bybel sê: ***Unequally yoked.***

Dierbares, 'n juk is ook 'n las. Iets swaar wat op iemand se psige rus. Kan bekommernis wees, maar ook dinge soos alkoholisme, dwelmverslawing, misdadigheid, dobbel en soveel ander dinge.

Toe my vrou Salomie borskanker in 2014 gekry het, wou ek by Die Here hoor hoekom Hy dit toegelaat het. Ek het geweet dat borskanker iets te doen het met "ungodly soulties", maar het nie presies geweet, hoe, wat, waar en hoekom nie.

Toe kry ons TOE VAL LIG 'n boek wat die storie mooi uitlig. Volgens baie pastore en mediese dokters, is die wortel van linkerborskanker, een of ander ongoddelike soultie, met 'n biologiese moeder en regterborskanker met 'n stiefma of eie suster of moeder se suster. Dierbares, ek kan nie hierdie Skriftuurlik, of andersinds bewys nie, ***maar dit was ons ondervinding.*** *Salomie het die saak met ouma Grace, haar lieflike mammie, bespreek en uitsorteer. Meeste van julle weet, dat sy, sonder enige mediese behandeling, gesond geword het.*

Ons het 'n paar jaar gelede 'n vrou, met vreeslik baie, noem dit "issues", in die Strand bedien. Hierdie vrou was al vir baie jare bekeerd en het op rade in die AGS kerk bedien, maar kon nooit in oorwinning leef nie. Sy was ook baie maal vir bevryding, maar dit was skynbaar nie baie suksesvol nie. Sy het veral "anger issues" gehad.

Die demone het net eenvoudig geweier om uit te gaan en dit was tyd om in te stry. Onthou u?? Mattheus 17:21 Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.

Ons het op 10 dae Daniël vas gegaan en haar toe gaan bedien. Toe ons voor die hek stilhou, kry ek ewe skielik 'n Woord van Kennis…

1Korintiers 12:7 Maar aan elkeen word die **openbaring van die Gees** gegee met die oog op wat nuttig is.

1Kor 12:8 Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n **woord van kennis** vanweë **dieselfde Gees**.

Dierbares, dit is openbarings gawes. Net beskikbaar deur Die Heilige Gees. Die

Here het getrou geantwoord, omdat ons, getrou aan Sy Woord, gevas en bid het vir die gebonde vrou. Hy leer ons mos… Galasiers 6:2 Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.

Die vrou en haar mammie het langs mekaar gesit toe ek vir albei sê: "Suster, Die Here openbaar, dat jy verwerpings probleme met albei jou ouers, maar veral jou moeder het." Dit was die ongoddelike soultie.

Na erkentenis, vergewing en vryspraak, het al die duiwels gegaan, want hulle het geen vashouplek meer aan haar gehad nie.

Dierbares, dit wat hierdie sessie betref. Ek skryf voort, waarin ek ook die…

"Hoe om te bevry" *gaan gee. Sterkte tot volgende keer.*